

20 Mei

Skrifgedeelte: Eksodus 10 en 11 (OAV)

Fokusgedeelte: Eksodus 10:7-11

Geen kompromieë tussen geloof en ongeloof

God eis dat die hele Israel met al hulle besittings Hom in vryheid moet dien. Dieselfde eis geld ook vandag. Ons moet immers as verlostes in Christus die Here liefhê met ons hele hart, ons hele verstand en al ons kragte. Josua het gesê: "...ek en my huis, ons sal die Here dien" (Jos 24:15).

Farao wou nie aan die eis gehoor gee nie. Hy maak ook aanspraak op die diens van Israel. Aanvanklik het hy botweg geweier dat die volk drie dagreise ver moes trek om die Here te dien. Met die verloop van die plaë het Farao begin twyfel en het hy begin met bepaalde skikkingsvoorstelle: Eers kon hulle binne die landsgrense offer; later kon net die mans trek om te offer; nog later kon die volk trek, maar sonder hulle vee. Moses wat gelowig op die Here vertrou, staan onbeweeglik vas op wat die Here eis. Hy wou dus van Farao se skikkingsvoorstelle niks weet nie.

Ons het rede om in alles wat daartoe meewerk om ons weg te hou van diensbaarheid aan God, die vyandige hand van Satan raak te sien. Satan eis ons diens. Hy gebruik ook vandag sy "farao's" met gevaarlike skikkingsvoorstelle vir wie ons moet ligloop.

Uiteindelik moet die ongeloof van Farao voor die geloof van Moses wyk. Na die tiende plaag was die Egiptenare so verlig dat Israel trek, dat hulle met geskenke oorlaai is. God is almagtig en doen wat Hom behaag, daarom is daar geen plek vir kompromieë tussen geloof en ongeloof nie.

Sing: Psalm 68:1

Ds SA Cilliers (Waterberg)